# 6. DIE FUNKSIONERING VAN DIE TO

## 6.1 INLEIDING

Die bestaansreg van 'n onderwysersvereniging word onder meer bepaal deur sy volgehoue en doeltreffende funksionering. Om met welslae te kan funksioneer, moet voldoen word aan bepaalde kriteria. In hierdie hoofstuk word onder andere sodanige maatstawwe geïden= tifiseer sodat dit as raamwerk kan dien vir die ondersoek na die funksionering van die TO.

Skrywers oor onderwysersverenigings soos byvoorbeeld Steyn (1977), Marais (1970), Hattingh (1977) en De Witt (1979) onderskei 'n groot aantal funksies van onderwysersverenigings, waarvan die volgende 'n samevatting van is:

* 'n Onderwysersvereniging het 'n kollektiewe onderwystaak. Deur middel van sy geskikte kommunikasiemeganismes moet sy grondslae, werksaamhede en doelstellings gereeld aan sy lede deurgegee word, wat op hulle beurt weer in hulle onderskeie lewensmilieus en werkskringe die vereniging se karakter (i.c. gees en rigting) sal uitleef.

* 'n Onderwysersvereniging staan primêr in diens van sy lede. Hy moet dus die beroep van sy lede beskerm en die beroep uitbou. Dit sal vir hom nodig wees om op 'n deurlopende, ver= antwoordelike basis om te sien na:

  - die professionele status van die onderwyser;
  - hoë standaarde in die opleiding van onderwysers;
  - 'n prinsipieel-verantwoorde erekode; en
  - regverdige en billike vergoeding van sy lede deur hulle

werkgewende instansie(s).

* Die diensmotief van 'n onderwysersvereniging moet materiali= seer in sy bedinging vir die beroepsregte van sy lede. Om doeltreffend te kan beding, sal die vereniging sowel for= meel as informeel moet skakel met die belanghebbende in= stansies, soos byvoorbeeld met die onderwysowerhede.

* Die lede van die vereniging moet geborge voel in dié ver= eniging, nie net vanweë 'n identifiseerbare lewensopvatting nie, maar ook deur die skepping van bepaalde lededienste en -voorregte.

* Uit die aard van sy samestelling en doelstellings behoort 'n onderwysersvereniging as kultuurdraer en -uitbouer te dien. Die gees en rigting, die lewens- en wêreldbeskouing, die geskiedenis, die taal, godsdiens; trouens, die identiteit van die volk waarvan die lede van 'n onderwysersvereniging deel is, word verwoord in sy grondwet. Daarom moet die on= derwysersvereniging indirek en soms direk bydraes lewer in die proses van kultuurhandhawing en -uitbouing.

## 6.2 ENKELE KRITERIA VIR DIE DOELTREFFENDE FUNKSIONERING VAN 'N ONDERWYSERSVERENIGING — MET VERWYSING NA DIE TO

Om sy funksies as onderwysersvereniging behoorlik te kan nakom, is 'n doeltreffende organisasiestruktuur noodsaaklik. In Hoofstuk 5 is aangetoon dat die TO oor 'n organisasiestruktuur beskik, wat aan hom die volle moontlikheid vir doeltreffende funksionering verskaf.

'n Onderwysersvereniging moet ook, om met welslae te kan funksioneer,

vaste vertrekpunte hê. Die TO beskik oor sodanige grondslae, gefundeer op 'n Christelik-religieuse grondmotief, soos beskryf in Hoofstuk 4 (vgl. TO-grondwet, art. II).

'n Verdere belangrike kriterium vir effektiewe funksionering is dat daar doelgerig deur die vereniging te werk gegaan moet word. Bepaalde doelstellings moet geïdentifiseer en nagestreef word. Sulke doelstellings kan van meer onmiddellike aard wees, soos byvoorbeeld direkte dienslewering aan die lede van die betrokke vereniging, of dit kan van 'n meer verwyderde aard wees, soos die geestelike vorming van die lede. Die doelstellings van die TO, wat gemik is op "die bevordering van die belange van onderwysers en oud-onderwysers" (TO-grondwet, art. V B) en "die bevordering van Christelike en nasionale opvoeding in en deur die skool" lê die fondament vir genormeerde en waardevolle funksionering.

Die grondslae, doelstellings en organisasiestruktuur van 'n onderwysersvereniging moet van so 'n aard wees dat dit aan- en inpas by die gemeenskap waarvan hy deel is. De Witt (1979 : 145) wys in hierdie verband daarop dat die lede van 'n onderwysersvereniging hulle verpligtinge teenoor hulle beroep, die gemeenskap en die kind roepingsbewus moet nakom. Die onderwysersvereniging moet dus die lewensopvatting, die gees en rigting van sy samelewing peil en daarby die nouste aansluiting vind. Die TO, wat 'n vereniging vir Christen-Afrikaneronderwysers van Transvaal is, het sedert sy ontstaan rekening gehou met die gemeenskap se lewens- en wêreldbeskouing; trouens, hy het dit sy eie gemaak en hierdie Skrifgefundeerde Christelik-nasionale idee in sy handelinge vergestalt (vgl. Hoofstuk 3 en 4).

## 6.3 FUNKSIES VAN 'N ONDERWYSERSVERENIGING — MET BESONDERE VERWYSING NA DIE FUNKSIONERING VAN DIE TO

### 6.3.1 Opvoedkundige funksies

De Witt (1979 : 145) en Hatting (1943 : 39-40) sonder die breë onderwyskundige funksies van 'n onderwysersvereniging uit as van die belangrikstes. 'n Onderwysersvereniging bestaan hoofsaak=lik uit onderwysers wat op hulle beurt te doen het met die op=voedende onderwys van die land se kinders. Die onderwysersvereni=ging kan daarom deur sy lede 'n groot bydrae tot die verbetering van die land se onderwysaktiwiteite en -peil lewer.

Die TO is, soos dit duidelik in sy grondwet (art. V) gestel word, ook 'n onderwyskundige vereniging wat hom besig hou met die opvoe=dende onderwys van die kind. As voorbeeld ter stawing van hierdie stelling word verwys na die TO se aandeel in die Afrikaneronderwys=kongres van 1982, wat in Paragraaf 3.11.7 behandel is. By hierdie kongres het dit veral vir die TO gegaan om die voortgesette Christelik-nasionale opvoeding en onderwys van die Afrikanerkind, maar ook om sterk opvoedkundige leiding aan die verteenwoordigers van verskeie samelewingsverbande te gee (vgl. Par. 3.11.7.2).

### 6.3.2 Skakelingsfunksies

#### 6.3.2.1 <u>Oriëntering</u>

Skakeling oor 'n breë vlak moet deur onderwysersverenigings onderneem word, want, skryf Steyn (1977 :1), "'n Onderwysersver=eniging kan nie sy taak in isolasie vervul nie en is aangewys op skakeling met die provinsiale en nasionale onderwysowerheid, sta=tutêre onderwysliggame, navorsingsinstansies, die Federale Raad

van Onderwysersverenigings en individuele onderwysersverenigings, kultuurinstansies, die kerke, kommunikasiemedia en die breë ouer=gemeenskap". Deur middel van doeltreffende skakeling kan:

* 'n bydrae gelewer word in verband met onderwysbeplanning;
* noodsaaklike inligting in verband met onderwysaangeleenthede bekom en verskaf word;
* leiding aanvaar of gegee word;
* samewerking tussen verskillende instansies teweeggebring word; en
* erkentlikheid betoon word waar nodig, of vermaan word as dit vereis word.

Onderwysersverenigings knoop bepaalde samelewingstrukture aan me=kaar, soos aangetoon in Par. 2.1, en op grond van hierdie besondere plek van dié organisasies moet daar skakeling, samewerking en wedersydse beïnvloeding plaasvind.

6.3.2.2 Skakeling met 'n sentrale onderwysersvereniging

In die Republiek van Suid-Afrika met sy Blanke onderwy=sersverenigings (kyk Par. 2.2), is skakeling, koördinering en ge=samentlike optrede van die verenigings noodsaaklik. Deur gesament=like optrede, veral waar dit gaan om die bedinging vir beter sala=risse en diensvoorwaardes vir onderwysers, kan veel meer bereik word as wanneer elke vereniging individueel sou beding.

Die TO skakel saam met die ander Blanke onderwysersverenigings in by die Federale Raad van Onderwysersverenigings (vgl. Hoofstuk 2,

Par. 2.4). Op hierdie wyse speel die TO, saam met die ander on= derwysersverenigings, ŉ besondere rol waar die Blanke onderwysers= korps van die Republiek bydraes ten opsigte van opvoedende onder= wys en van onderwysers moet lewer.

6.3.2.3 Skakeling met die gemeenskap waarvan hy deel is

Die onderwysersvereniging moet, volgens Marais (1970 : 7) oor die opvoeding en onderwys binne en buite die klaskamer waak. Marais stel dit verder duidelik dat "die georganiseerde onderwys= professie ... noodwendig altyd op die voorpunt (moet) bly om die merkers te laat waarlangs ontwikkeling in die toekoms moet plaas= vind".

Die TO het deurgaans die belangrikheid van skakeling met die Afri= kanergemeenskap as ŉ hoë prioriteitsfunksie beklemtoon en uitgeoe= fen. Van der Merwe Brink (1975 : 8) het daarop gewys dat die TO sy bydraes in verband met gemeenskapsamewerking gelewer het. "Ek noem in hierdie verband maar een voorbeeld, naamlik die bydrae van u vereniging ten opsigte van die rekonstruksie van die Bloed= rivier slagveld". Van der Merwe Brink het met waardering daarvan melding gemaak dat die vereniging nie sy kultuurtaak verwaarloos het nie. Die geskiedenis van die TO, wat in Hoofstuk 3 behandel is, lewer talle voorbeelde van waar die TO ten nouste met die ge= meenskap geskakel het (vgl. Paragrawe 3.6; 3.9; 3.11 en die daaropvolgendes) en sinvolle bydraes gelewer het ten opsigte van die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Afrikanergemeenskap.

6.3.2.4 Skakeling met die owerheid

Die owerheid (staat) is in ŉ demokrasie soos die RSA

die gemeenskapstruktuur wat onder meer die breë onderwysbeleid be= paal. 'n Demokraties verkose wetgewende liggaam se juridiese be= palinge — ook ten opsigte van die onderwys — is in ooreenstemming met die volkswil, dit wil sê onderwyswetgewing lê dan net vas wat reeds in die volkswil bestaan. "In beleid word die dinge verge= stalt waaraan 'n volk in die diepste van sy wese glo" (Marais, 1970 : 6). Die onderwysersvereniging se grondwet en erekode moet dus in ooreenstemming met die prinsipiële riglyne neergelê deur die breë nasionale beleid wees.

Die grondwet en erereëls van die TO vergestalt wesentlik dié dinge waaraan die Christen-Afrikanervolk glo, naamlik dat God die Skepper is van die ganse werklikheid en dat Hy Hom in die Bybel openbaar (vgl. Hoofstuk 4).

Die nodige skakeling met die owerheid vind op 'n geordende en sta= tutêre wyse plaas, naamlik deur middel van die Federale Raad (Par. 2.4) en die SAOR (vgl. Par. 2.4 en 2.5).

6.3.2.5 Skakeling met eie lede

'n Onderwysersvereniging regverdig sy bestaan en funksio= nering op sinvolle wyse as hy sy lede dien en as die lede hulle standpunte openlik kan stel. Die vereniging behoort gereeld te verneem wat die sienswyses van sy lede is ten opsigte van beroeps= aangeleenthede, waarna bepaal moet word of sulke standpunte as gemeenskaplike standpunte geformuleer mag word vir verdere deur= voering na die betrokke onderwys- of owerheidsinstansies. Die professionele karakter van 'n onderwysersvereniging word versterk deur onderlinge skakeling tussen lede, gemeenskaplike ideale en gereelde samekomste (Steyn, 1977 : 3-4).

Die TO aanvaar noue en gereelde skakeling met sy lede as een van sy belangrike funksies. Die organisasiestruktuur van die TO en die bevoegdhede en verpligtinge van onder andere die verskillende belangegroepe, kringe en takke is ingestel op skakeling tussen die lede en die bestuursliggame en tussen die lede onderling (vgl. Hoofstuk 5, Par. 5.3).

'n Eie maandblad, naamlik *Mondstuk*, dien as kommunikasiemiddel van die TO met sy lede. Die vereistes wat die TO aan hierdie blad stel, dwing die redaksie om in noue voeling met die behoeftes van die lede te bly. Dit moet onder andere:

* aanvaarbaar vir die lede wees;
* handel oor aktuele sake;
* aan die leser openbaar wat hy nog nie weet nie;
* objektiewe kommentaar ten opsigte van aktuele onderwyssake bevat; en
* oorspronklike, verkennende artikels bevat wat goeie, gesonde reaksie uitlok (Steyn, 1977 : 12-13).

Die beleid van die TO sedert sy ontstaansjare is om gereeld die volgende rubrieke in sy lyfblad te laat verskyn:≠

* Verbreiding van Christelike denkbeelde oor opvoedende onder=wys
* Weergawe van onderwysontwikkeling

---

≠Vergelyk die inhoudsopgawes van die nommers van *Het Christelijk Schoolblad*, *Onderwysblad* en die inkleding van *Mondstuk* wat in die bronnelys opgeneem is.

* Verslae van kongresse, vergaderings en referate

* Persoonlike berigte van lede

* Kring- en taknuus

* Bevordering van onderwysers

* Onderlinge verhoudinge

* Vrae en antwoorde oor diensvoorwaardes

Bovermelde rubrieke is daarop ingestel om al die TO-lede van eerstehandse inligting oor TO- en algemene onderwyssake te voor= sien. Dergelike sake word nie net aan die lede deurgegee nie, maar geleenthede word ook vir hulle geskep om eie standpunte te stel en om kwellende algemene vrae te stel. Hierdie kwelvrae word dikwels van antwoorde deur die redaksie — namens die Hoofbestuur — voor= sien.

6.3.3 Medebepaler van onderwysbeleid

In Paragrawe 4.3.6 en 6.3.2.4 is aangetoon dat die TO met die owerheid skakel. Du Toit (1970 : 174) sien dit as die taak van ŉ onderwysersvereniging om vreemde opvoedkundige ideologieë af te weer en om die volkseie uit te bou in die onderwysstelsel deur middel van die gesproke woord, die daad en die geskrif. Dit is slegs moontlik as die onderwysersvereniging(s) statutêr as medebepaler(s) van die onderwysbeleid erken word.

In die Republiek van Suid-Afrika is alle onderwyserseverenigings vrywillige ledeorganisasies wat as sodanig geen statutêre status geniet nie. Die oprigting en instandhouding van onderwysinrigtings

en die bepaling van onderwysbeleid is die funksie van die staat. Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika beskik nie oor direkte wetgewende bevoegdheid nie, maar is wel medebepalers van onderwysbeleid in soverre aanbevelings en wenke aan die hand gedoen kan word wat deur die wetgewers oorweeg moet word. Die TO neem genoeë met die regering se beginselstandpunte (vgl. Par. 3.11.7) met betrekking tot Christelike en nasionale en moedertaal=onderwys, terwyl ouerbetrokkenheid ook as beginsel in die *Tussen=tydse memorandum oor die verslag van die Raad vir Geesteswetenskap=like Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA* aanvaar word.

Volgens Steyn (1977 : 2) kan die TO asook die ander Blanke onder=wysersverenigings nie die onderwys "regeer" nie, maar sterk in=vloede kan uitgeoefen word in die beleidsbepalinge wat veral ver=band hou met die gees en rigting van die opvoedende onderwys. Sul=ke bydraes tot die formulering van nasionale onderwysbeleid en die koördinering van die uitvoer van die onderwysprogramme kan deur middel van statutêre liggame soos die Suid-Afrikaanse Onderwysers=raad vir Blankes, die Federale Raad en die Komitee van Onderwys=hoofde, waarop die TO verteenwoordig word, gelewer word (vgl. Par. 2.5.7).

### 6.3.4 Onderwyskundige funksies

#### 6.3.4.1 Oriëntering

Die funksies van 'n onderwysersvereniging wat verband hou met die beroepswerksaamhede van sy lede, bestempel Marais (1970 : 7) as die intrinsieke funksie van so 'n vereniging. Vakonderrig,

vakinhoude en vakdidaktieke is hier ter sprake. In hierdie opsig kan onderwysersverenigings veel vermag deur onder andere vaksame=sprekings te hou asook deur verteenwoordigers op departementele sillabuskomitees en eksamen- en matrikulasiepanele te benoem.

Die TO skenk ook aandag aan publikasies en navorsing.

6.3.4.2 Skool- en tersiêre vlakke

Skole op alle vlakke, naamlik die pre-primêre, primêre en sekondêre skole asook tersiêre onderwysinrigtings se onderwys=personeel mag lede van die TO wees. Die TO maak voorsiening in sy organisasiestruktuur (vgl. Hoofstuk 5) vir verskillende belange=groepe wat hierdie intrinsieke funksie doeltreffend kan behartig.

6.3.4.3 Skool- en tersiêre vakke

In die reglemente van die onderskeie belangegroepe van die TO word bepaal dat werkgemeenskappe vir die verskillende stu=dierigtings en skoolvakke in die lewe geroep mag word. So bestaan daar onder andere werkgemeenskappe vir Geskiedenis, Biologie, Huis=houdkunde en ander sekondêre en tersiêre vakke in Transvaal waar vakonderwysers en -dosente gemeenskaplike sake kan bespreek en onderlinge leiding kan gee (vgl. Par. 5.3.7).

6.3.4.4 Publikasies

*Die Kristelike Skoolblad* en *Onderwysblad* wat *Mondstuk* as lyfblaaie van die TO voorafgegaan het, het 'n groot verskeidenheid artikels van opvoedkundige en vakkundige aard geplaas. Tans dien *Mondstuk* hoofsaaklik as kommunikasieblad wat merendeels gerig is

op nuuswaardige aktuele sake. Volgens Steyn (1977 : 12) regverdig 'n lywige blad waaraan hoë kostes verbonde is nie die min selek= tiewe lesers van meer wetenskaplike artikels nie, gevolglik vol= staan die TO met die minder omvangryke *Mondstuk* as amptelike pu= blikasie*.

6.3.4.5 Navorsing

Die TO is van mening dat gespesialiseerde navorsing van die grootste belang is vir die onderwysberoep. Kennis moet geneem word van navorsingsprojekte en navorsingsresultate, sodat dit so= ver doenlik benut kan word. Die TO verken en identifiseer navor= singsterreine, waarna TO-lede wat kundiges op dié terreine is, hul bydraes lewer. So is persone uit TO-geledere in sleutelliggame wat op navorsing ingestel is "soos byvoorbeeld die Nasionale Onderwys= raad, die Navorsingskomitee vir Onderwysstrukture, die werkkomitee van die Projekkomitee wat ondersoek moes instel na die status van die opvoeder (Deel 1 : Roe Venter-verslag/Tweede deel word nog hanteer) die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na Onderwysvoor= siening in die RSA en die Tussentydse Onderwystaakgroep" (TO, 1982(a) : 35) benoem.

6.3.4.6 Evaluering

Die geleenthede wat die TO vir sy lede skep om op talle onderwyskundige terreine, waaronder skoolvlakke, skoolvakke, publi=

---

*'n Bepaalde leemte ten opsigte van hierdie intrinsieke funksie van die TO word aangevoel, veral as *Mondstuk* vergelyk word met *Die Unie* van die SAOU, waarin daar waardevolle artikels oor die jong= ste ontwikkelings en vernuwings op die terrein van skoolvakke, die vakdidaktieke en die onderwys in die algemeen verskyn — W.P.

kasies en navorsing ressorteer, te funksioneer, skep die moontlik=hede vir die lede om die grondbeginsels en doelstellings wyd uit te dra en te laat operasionaliseer. Deur middel van hierdie kanale kan TO-lede 'n betekenisvolle aandeel hê aan onderwysbeplanning (in=sluitende beleidsbepaling) (vgl. Par. 6.3.3).

### 6.3.5 Die funksie van beskerming van die onderwysberoep

#### 6.3.5.1 Inleidende opmerkings

Die TO is nog altyd ingestel op die professionele status van die onderwyser. Daarom is daar 'n professionele komitee wat hom ten doel stel om deurlopend aandag te gee aan professionele on=derwysaangeleenthede. Die TO streef voortdurend daarna om 'n posi=tiewe beeld van die onderwysberoep te vertoon en te bevorder. Die TO beywer hom daarom onder andere vir die:

* erkenning van die professionele status van die onderwys=beroep;
* lewering van unieke onderwyskundige diens deur sy lede;
* bevordering van intellektuele en vakkennis van die onder=wysers;
* billike vergoeding vir gelewerde dienste;
* byhou van 'n prinsipieel-begronde erekode;
* skepping van die regte gesindhede by lede, naamlik om as geroepenes in verantwoordelikheid te dien; en
* geborgenheid van elke lid in die Vereniging, maar ook in

die onderwysberoep.

Vervolgens word bogenoemde sake agtereenvolgens in oënskou geneem.

6.3.5.2 Die professionele status van die onderwysberoep

Volgens Van der Walt (1978 : 849) is die skool "die plek waar die ouer 'n deel van sy taak aan iemand anders, die onderwyser, oorgedra het. Die onderwyser vervang nie en 'verleng' nie die ouer nie, maar vul hom aan in die uitvoering van sy taak". Be= halwe dat die gees van skoolopvoeding en -onderwys nie mag bots met die ouers se Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie, het die onderwyserskorps die reg om hulle opgedraagde taak, naamlik die omhoogleiding van die leerlinge tot Christelike beskawingsvolwas= senheid, op hulle selfstandige wyse te vervul.

Om die onderwysberoep soewerein en professioneel te laat funksio= neer, is daar sekere voorwaardes waaraan voldoen moet word. De Witt (1979 : 9 e.v.) onderskei agt algemeen geldende kriteria of voorwaardes waaraan 'n soewereine beroep behoort te voldoen. Hier= die agt kriteria word kortliks gegee, want dit dien as 'n goeie samevatting van wat ander opvoedkundiges ook as maatstawwe vir 'n outonome beroep geïdentifiseer het (Van der Walt, 1978 : 836-87; Van den Berg, 1973 : 328-335; Taylor, 1977 : 311-317; Skoolmees= ter, 1972 : 62; Bingle, 1968 : 543 en Hesse, 1980 : 44). In hoe= verre die TO dit as deel van sy funksionering sien om te sorg dat die onderwysberoep 'n outonome status vertoon, sal na elke kriterium aangetoon word.

* 'n Unieke en essensiële sosiale diens moet deur die lede van die beroep verrig word sodat dit sal lei tot algemene pu= blieke erkenning.

Volgens Van der Walt (1978 : 862) is die onderwyser se ware be=voegdheidsterrein sy gespesialiseerde vakdidaktiese kennis. Die ouer is tans nie meer bevoeg en opgelei om hierdie unieke en es=sensiële taak te verrig nie. Die TO lewer sy betekenisvolle by=draes in hierdie verband waar hy hom byvoorbeeld deur middel van sy belangegroepe beywer vir die voortgesette uitbou van sy lede se vakkundig-didaktiese vaardighede (vgl. Par. 5.3.7).

* Intellektuele kundighede en vakkennis is noodsaaklik vir die beoefening van 'n outonome beroep.

Die TO is ingestel op die intellektuele kundighede en gespesiali=seerde kennis van sy lede, want hy maak voorsiening vir 'n belange=groep wat te doen het met onderwysersopleiding, naamlik die Be=langegroep Onderwysersopleiding (BOO). Die TO (Anon., 1976(c) : 3) be=nadruk die leidende funksie wat die fakulteite Opvoedkunde aan ons land se universiteite en onderwyskolleges vervul in die daadwerklike uitbouing en bevordering van veral die Opvoedkunde as wetenskap.

* Sowel die individuele praktiserende onderwyser as die be=roep in sy geheel moet 'n omvattende outonomie of selfbe=skikkingsreg hê.

Die owerheid bepaal die onderwysbeleid en voorsien hoofsaaklik in die geldelike behoeftes ten behoewe van onderwysvoorsiening. Die onderwyser is vir sy maandelikse salaris afhanklik van die Staat. Dit is onder andere om hierdie rede dat Taylor (1977 : 312) die onderwys saam met verpleging, ouditkunde en maatskaplike werk nog nie as volwaardige professies aanvaar nie. Ook Van der Walt (1978 : 862) beskou die noue verband tussen die onderwysberoep en die staatsdienssektor as 'n struikelblok in die weg van die professiona=

lisering van die onderwys.

Die TO het as outonome onderwysersvereniging deur al die jare heen baie daartoe bygedra om die onderwysberoep so selfstandig moontlik te laat funksioneer. Die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes was iets waarvoor die TO hom lank be= ywer het en sedert sy totstandkoming dien die TO-verteenwoordigers op dië Raad (vgl. Figuur 2.2). Die instelling van die Suid-Afri= kaanse Onderwysersraad vir Blankes is ŉ ontwikkeling in die onder= wys wat groter professionalisering van die onderwysberoep bewerk= stellig het (Van der Walt, 1978 : 867; vgl. ook Par. 2.5)

* Die klem moet eerder val op dienslewering as op die gelde= like vergoeding daaraan verbonde.

Vergoeding in die vorm van salarisse vir dienste gelewer is nie meer die deurslaggewende faktor wat die outonomie of professionele status van ŉ beroep bepaal nie, want daar staan ook gesalarieerdes in diens van erkende professies, soos onder andere die mediese en regsprofessies wat by die staatsektor inskakel. Die diensmotief is veel belangriker, want dit gaan uiteindelik om die deskundige kennis van die professionele persoon wat beskikbaar gestel word tot voordeel van die welvaart van die gemeenskap sonder inagneming van persoonlike belang. Vir die onderwyser beteken dit dat kin= ders tot mondigheid en ontslotenheid gelei moet word (Van der Walt, 1978 : 869).

In watter mate die TO en sy lede aan hierdie vereiste voldoen, word die beste belig deur enkele aanhalings van Afrikanerleiers. ŉ Vorige eerste minister, Sy Edele B.J. Vorster, het tydens die Eeufeesdinee van die TOD op 17 Februarie 1976 te Pretoria gesê:

"Die status van ŉ onderwyser is ŉ plek in die hart van ŉ kind. Daardie plek sal later die bron van inspirasie en die kragbron van daadkrag vir daardie kind wees. Kyk na enige suksesvolle man en gaan doen navraag by wie hy skool gegaan het en daar sal ŉ lig vir u opgaan en u sal weet hoekom daardie man ŉ sukses gemaak het.

"U het u nie net daarop toegespits om kennis aan leerlinge mee te deel en hulle diensbaar vir die samelewing en vir Suid-Afrika te maak nie, maar u het oor die jare, Goddank, dit ook as u taak gesien om moreel weerbare jongmense die lewe te laat ingaan. U het dit u taak gemaak om vaderlands=liewende jongmense te kweek en dit kan ŉ mens nie in syfers meet nie en jy beskik oor geen statistiek om dit te bewys nie, maar ek wil dit vir u sê" (Anon., 1976(b) : 3).

Reinecke (1963 : 391-392) koppel die status van die onderwy=ser soos volg primêr aan die diens wat hy as opvoeder lewer:

"Ons werk moet ŉ meesterstuk wees. Hierdie meesterstuk moet wees ŉ mens gevorm na die eise van Gods Woord vir alle goeie werke toegerus. Hierdie mens moet gevorm wees na die eise van die staat waarvan hy burger is. Hy moet gevorm wees na die eise van ŉ gelowige gemeenskap waarvan hy deel is. Hy moet in staat wees om deur sy arbeid sy roeping in volle verwesenliking te laat gaan".

Vir Bingle (1968 : 543) is die ware status van die onderwyser ge=leë in dankbaarheidsdiens en bewuste roepingsvervulling in diens van God in hoogste instansie. Die outonome professionele mens met gerespekteerde aansien vind sy ware roepingsvervulling in die adel van die arbeid.

Vorster, Reinecke en Bingle, wat aldrie deur die mondstuk van die TO aangehaal is, verwoord uiteindelik die doelstellings en ideale van die TO, soos vasgelê in sy grondwet (vgl. Bylaag 1). Dat die TO die diensmotief, ook waar dit gaan om die professionele en ou=tonome status van die onderwyser, primêr stel, is in ooreenstemming met sy bestemmingsfunksie, naamlik om liefdesdiens aan sy lede, die kinders (leerlinge) wat aan sy lede toevertrou is en aan hulle ouers te lewer.

* Die professie behoort 'n omvattende statutêr-erkende self=regerende organisasie te hê.

Aan hierdie vereiste voldoen die TO, want daar is reeds aangetoon dat hierdie Vereniging oor 'n goedgestruktureerde, selfregerende organisasiestruktuur beskik (vgl. Hoofstuk 5). Die TO is ook in=geskakel by die SAOR, 'n professionele beheerliggaam wat deur sta=tutêre gesag daargestel is (vgl. Par. 2.5).

* Die professie moet beskik oor 'n duidelike gedragskode wat aanpas by nuwe eise wat voortdurend gestel word.

Die TO beskik oor 'n professionele gedragskode wat in ooreenstem=ming met die SAOR se gedragskode is (vgl. Paragrawe 2.5.3 en 4.3.7).

* Volgehoue indiensopleiding word deur 'n professie vereis.

Daar moet gereelde opknappingskursusse, simposiums, dinkskrums, en so meer vir die lede van die professie gereël word. In Paragrawe 6.3.4.2 en 6.3.4.3 is aangetoon dat die TO wel aan bogenoemde ver=eiste voldoen, insoverre dit vakwerkgemeenskappe en belangegroepe aangaan. Volgens Marais (1970 : 9) behoort die onderwysdeparte=

mente oriënteringskursusse te reël en verantwoordelikheid vir in=diensopleiding te aanvaar. Hy stel dit dat dit eerder die taak van 'n onderwysersvereniging is "om die behoefte aan sodanige op=leiding te identifiseer en onder die aandag van die onderwysdepar=tement te bring". Die TO skakel ten nouste met die Transvaalse On=derwysdepartement in hierdie verband deur middel van sy sekretari=aat. Alhoewèl dit dus, streng gesproke, nie die primêre funksie van die TO is om te sorg vir indiensopleiding van die onderwysbe=roep nie, skenk hy wel berekende aandag hieraan.

* 'n Ware professie bied aan elke individuele praktisyn 'n lewensroeping en permanente lidmaatskap van daardie profes=sie.

Die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika is 'n gevestigde be=roep en elke permanente personeellid moet ook as lid van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes registreer. Die TO onder=skraag die onderwysowerhede in dié sin dat hy sy lede gedurigdeur opskerp om as roepingsbewuste onderwysers in verantwoordelikheid hul arbeid te verrig.

### 6.3.6 Die funksie van kultuurvormer en -bewaker

#### 6.3.6.1 Inleiding

Die lede van die TO, wat almal die grondbeginsels van die TO-grondwet onderskryf, het steeds getrag om hulle roeping Godge=hoorsaam te vervul (vgl. Hoofstuk 3). Deel van God se opdrag aan die mens is om die aarde te onderwerp en daaroor te heers (Genesis 1:28). Dít is ook opdrag aan die TO, want die TO erken self die gesag van Gods Woord in sy grondwet.

Die TO het sedert sy ontstaan nooit in isolasie bestaan en gefunk=sioneer nie maar doelbewus sy kultuuropdrag herken en erken en on=onderbroke bydraes in hierdie verband gelewer. Die TO het deur=gaans die Christelike godsdiens, die Afrikaanse taal en geskiedenis, die Afrikanervolksidentiteit en volkereverhoudinge bevorder. Tans is daar 'n kultuurkomitee wat deurlopend aandag aan kultuursake skenk.

6.3.6.2 Die TO en sy houding teenoor godsdiens

Volgens Van der Walt en Dekker (1982 : 4) is die godsdiens van die mens "in sy religie verwortel en dit word ook in die laaste instansie deur die religie bepaal. Vir die Christen, en dus ook vir die Christenopvoedkundige (dit wil sê elke TO-lid, W.P.), be=teken godsdiens die ganse lewe van die mens (i.c. Christen) binne die verbond in geloofsgehoorsaamheid aan die Woord van God".

Die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing wat as primêre dryfkrag vir die TO dien, is reeds in Hoofstuk 4 be=handel en dui daarop dat die TO in al sy handelinge poog om getrou te bly aan Gods Woord.

Waar die TO dus sy kultuuropdrag roepingsgetrou nakom, is dit deel van sy godsdiens, naamlik om al sy handelinge tot eer van God te verrig.

6.3.6.3 Die TO en die Afrikaanse taal

In die Grondwet (art. III) word bepaal dat die amptelike taal van die TO Afrikaans is en verderaan (art. V C) dat die TO hom dit ten doel stel om die Afrikaanse taal te bevorder. Dié Vereni=

ging het sedert sy ontstaan 'n ereplek aan sy taal binne en buite die organisasie gegee (vgl. Paragrawe 3.3 en 3.7).

Die TO is teenswoordig steeds bedag daarop dat Afrikaans as taal sy regmatige en gerespekteerde plek in die nuwe staatkundige bestel behou. Die Hoofbestuur was besorgd oor die tendens dat "'n Toestand ... besig (is) om nou binne die nuwe staatkundige bestel te ontwik= kel wat daarop neerkom dat Engels die spreektaal in feitlik elke vergadering geword het, wat beteken dat daar 'n letsel op Afrikaans= sprekendes geplaas word aangesien hulle tydens die vergadering hulle tweede taal moet gebruik terwyl hulle hulleself veel beter in hulle eie taal kan uitdruk" (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1981(c) : 21). Hierdie saak is deur die Kultuurkomitee ter tafel geneem, en die volgende besluite wat geneem is, illustreer onder andere die rol van die TO in verband met taalhandhawing:

* 'n Onderhoud met die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereni= gings (FAK) moet gereël word.

* *Mondstuk* moet 'n artikel of 'n deel van 'n artikel oor taal= handhawing publiseer.

* 'n Onderhoud oor die bevordering van Afrikaans met die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) moet, onderhewig aan die goedkeuring van die Hoofbestuur van die TO, gereël word.

* Die moontlike plasing van artikels in verband met taalhand= hawing in *Handhaaf*† moet ondersoek word.

Die mate waarin die TO sy bydraes gelewer het in die bestendiging

---

†*Handhaaf* is die lyfblad van die FAK.

en bevordering van die Afrikaanse taal, blyk onder andere uit die volgende handelinge:

* In *Onderwysblad* (1975 : 7-8) het Monica Breed hulde gebring aan MER (Maria Elizabeth Rothman), 'n geëerde Afrikaanse skryfster en Coenie Rudolph (1975 : 9-10) aan dr. C.G.S. (Con) de Villiers ook 'n Afrikaanse skrywer van formaat.

* In die taaljaar (1975) het Erlank (1975 : 3) alle TO-lede opgeroep tot taalhandhawing en -uitbouing.

* Espach (1976 : 4) het in 1976 sy dank uitgespreek teenoor elke onderwyser wat op een of ander wyse 'n bydrae gelewer het tot die sukses van die destyds pas afgelope taalfeeste. Hy het namens die Afrikaanse Taalmonumentkomitee geskryf.

Bostaande voorbeelde verteenwoordig slegs twee fasette van die TO se bedrywighede op die gebied van taalhandhawing en -bevordering, naamlik dat hy 'n wakende oog hou oor die regmatige plek van Afri= kaans as een van die amptelike tale in die RSA en dat hy sy bete= kenisvolle bydraes lewer in die huldiging van taalhelde.

### 6.3.6.4 Die TO en die geskiedenis van die Afrikanervolk

In sy ontstaan, wese en bestemming vorm die TO deel van die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Afrikanervolk. In Hoof= stuk 3 is aangetoon dat die TO se identiteit, soos dit deur die jare van sy bestaan gestalte aangeneem het, ook die Afrikanervolk se identiteit is.

In die TO-grondwet (art. V C) stel dié Vereniging hom dit onder andere ten doel om Afrikaanse tradisies te bevorder. 'n Bewys dat

die TO in hierdie verband doeltreffend funksioneer is geleë in die feit dat hy self betekenisvolle deel is van die Afrikaner=tradisie. Hatting (1943 : 40) het daarop gewys dat die TO se in=vloed so groot geword het "dat niemand vandag (alreeds in 1943, W.P.) 'n nuwe kultuursaak onderneem sonder (om) in die eerste plek aan steun van die kant van die TO te dink nie".

Wat in 1942 deur Hatting beweer is, geld ook nog vir 1982, want in die *Algemene Verslag van die TO* (1982(a) : 35) word melding gemaak van verskeie kultuurliggame waarop TO-leiersfigure dien. So is die stigting van 'n onderwyskomitee onder die vaandel van die hoof=bestuur van die FAK verwelkom en "Die benoeming van prof. H.O. Ma=ree as lid van hierdie komitee het die verbintenis met die FAK as draer van die georganiseerde Afrikanerkultuur op 'n besondere wyse verdiep".

Die TO het egter nie net op kultuurhistoriese vlak bydraes gelewer nie, maar ook op ander terreine, byvoorbeeld:

* op die gebiede van politieke en staatkundige ontwikkeling (vgl. die TO se rol gedurende die Tweede Vryheidsoorlog wat in Par. 3.5 beskryf is);

* onderwyskongresse (vgl. die bydraes van die TO gedurende die Volkskongres van 1969 wat in Par. 3.11.3 behandel is en die Afrikaneronderwyskongres, wat in Par. 3.11.7 aan die orde was); en

* veral op die gebied van onderwysontwikkeling in Suid-Afrika (vgl. die TO se bydrae tot die promulgering van *Wet 39 van 1967*, soos beskryf in Par. 3.11.2).

### 6.3.6.5 Die TO en Afrikanervolksidentiteit

Omdat die TO op die gebied van die Afrikaner se godsdiens, taal en geskiedenis sinvolle en waardevolle bydraes gelewer het en nog steeds lewer, is hy daadwerklik kultuurvormer. 'n Volk se kul= tuur is deel van sy identiteit, want kultuur "is die skeppinge, prestasies en openbaringe van die menslike gees soos dit in 'n be= paalde volksgemeenskap werksaam is en soos dit die lewensprobleme in daardie gemeenskapsverband verwerk ooreenkomstig die lewenshou= ding wat daarin gehandhaaf word. Kultuur is dus die uitinge van 'n besondere nasieskap soos dit die menslike bestaan belewe en ver= werk ooreenkomstig bepaalde lewenswaardes" (Cronje, soos aangehaal deur Treurnicht, 1969 : 163).

Verskillende terreine waarop die TO skeppend werksaam is ten op= sigte van die volkseie identiteit (kultuur) van die Afrikanervolk, word deur Eksteen (1980 : 4-11) soos volg aangetoon:

* Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die Afri= kaner word verwoord in die professionele erereëls van die TO (vgl. ook Hoofstuk 5) en die TO poog eerlik om dit uit te leef.

* Die TO ondersteun die weerbaarheidsgedagte soos dit prakties ingevoer is as jeugweerbaarheid in die skole ter wille van die behoud en beskerming van die volkseie.

* Die amptelike publikasies van die TO het nog altyd 'n volks= eie karakter geopenbaar.

* Die TO-vakansieoorde is eg-Afrikaans.

* Op die TO-embleem is die vlam van opvoeding in die hand van

die opvoeder: dit dui, volgens Eksteen (1980 : 10), op die kultuurverbondenheid van dié Vereniging.

* Eksteen het in sy referaat ook verwys na die bydraes van die TO ten opsigte van taalhandhawing, Geskiedenis as skoolvak, sport, die FAK en sy totale inskakeling by die Afrikanerkultuur (vgl. Par. 6.3.6.3, 6.3.6.4).

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die TO dit as een van sy belangrike funksies aanvaar om bydraes te lewer tot die vestiging en handhawing van die Afrikanervolksidentiteit.

6.3.6.6 Die TO en volkereverhoudinge

Omdat die TO daarna streef om die eie volk se identiteit te vestig en te bewaak, het hy 'n bepaalde siening oor sy en die Afrikanervolk se verhouding tot ander volkere.

Volgens Steyn (1977 : 10) het onderwysersverenigings in Suid-Afrika (waaronder die TO) toenemend die verantwoordelikheid en taak om sonder politieke motiewe met verteenwoordigers van volksverteen= woordigende liggame te skakel sodat die saak van opvoedende onder= wys gedien kan word.

Daar is op onderwysgebied "'n interafhanklikheid wat erken moet word. Bevolkings kan nie in dieselfde land waardering en begrip vir me= kaar en mekaar se kultuurbesit hê as die regte gesindhede nie ge= kweek word nie en positiewe gesindhede sal nie in isolasie gekweek word nie" (Steyn, 1977 : 10). Die primêre doel met gesonde volkere= verhoudinge moet dus wees om wedersydse respek en waardering vir mekaar se lewenswyses, geestesgoedere en andersheid te kweek, aan= gesien dit 'n voorvereiste is vir vreedsame naasbestaan binne 'n

land soos Suid-Afrika.

Waar die onderwyser ŉ bydrae kan lewer ten opsigte van goeie vol=kereverhoudinge, moet hy, soos gestel deur Landman (1978 : 16-23), waak teen bepaalde negatiewe aspekte, naamlik:

* ŉ outoritêre houding wat geen agting vir anderskleuriges insluit nie, en
* ŉ liberalistiese houding wat kultuurverskille ontken en die lusbeginsel laat seëvier.

ŉ Positiewe, wetenskaplik-gefundeerde houding teenoor bogenoemde negatiewe benaderingswyses, hou vir Landman (1978 : 18) in: ŉ begrypens- en vertrouensverhouding.

Die begrypensverhouding het die volgende essensies:

* Begryping van andersheid.
* Die inagneming van moontlikhede wat ontdek moet word, ont=plooi moet word en waardeer moet word.
* Begryping van behoorlikheidseise wat ordentlikheid, self=kennis en -respek en naasteliefde bevorder.
* Begryping op ŉ afstand deur middel van vakonderrig (byvoor=beeld Geskiedenis, Aardrykskunde, Godsdiensonderrig, Jeug=weerbaarheid, Bantoetale, en so meer).
* Begryping deur verbroedering, maar nie as dit uitwissing van grense beteken nie.

Die vertrouensverhouding sluit in:

* Agting vir menswaardigheid wat inhou roepingsvervulling en die belewing van andersheid.

* Bereidwilligheid tot verhouding.

Die primêre taak van die onderwyser is opvoedende onderwys, daarom sal hy, volgens Landman (1978 : 22), 'n aandeel moet neem aan:

- "die uitwissing van alle outoritêre houdinge by sy leerlinge,
- die vernietiging van sieklike liberalistiese houdinge,
- die bevordering van die begrypende en vertrouende houdinge".

----

"Intussen onthou hy (die onderwyser) ook dat sy leerlinge van vandag die volwassenes van môre is en dat hy al die alledaagse geleenthede vir opvoeding tot gesonde volkever= houdinge op 'n natuurlike en entoesiastiese wyse moet benut".

Gegrond op bogenoemde uitgangspunte en riglyne het die TO op sy jongste algemene vergadering van 18 September 1982 die volgende beskrywingspunt aanvaar (TO, 1982(a) : 40):

"Die Algemene Vergadering stel hom op die standpunt dat elke hoofbevolkingsgroep in die Republiek van Suid-Afrika volle geleentheid gebied moet word om die beginsel van selfbe= skikking oor eie onderwys ten volle uit te leef, maar onder= skryf ook die uitgangspunt dat erkenning van die multi-etniese en -kulturele karakter van 'n plurale gemeenskap in die Republiek van Suid-Afrika nie beteken dat koördinering van duidelik omskrewe makro-beleidsaangeleenthede nie op die basis van mede-verantwoordelikheid hanteer kan word nie.

"In die beplanning van 'n nuwe bedeling op die bestuursvlak van die onderwys moet vir sodanige koördineringsmeganismes voorsiening gemaak word, maar onder die uitdruklike verstand=houding dat dit op minimum standaarde en norme betrekking sal hê en dat elke hoofbevolkingsgroep 'n onderwysbedeling gegun word wat dit sal moontlik maak om, indien die behoefte daartoe bestaan, uit eie bronne bykomend bo die minimum standaard en norme onderwys te voorsien".

Op grond van voorgaande standpunte en aanvaarde beskrywingspunt kan die volgende samevattende riglyne ten opsigte van die TO se er=kende funksie met betrekking tot volkereverhoudinge in die Repu=bliek van Suid-Afrika onderskei word:

* Die eie volksidentiteit moet beskerm en uitgebou word.
* Met die behoud van die volkseie kan skakeling met ander volkere plaasvind.
* Interafhanklikheid tussen volke moet erken word.
* Daar moet wedersydse respek en waardering vir mekaar se unieke volksideale en nasionale aspirasies wees.
* 'n Outoritêre en liberalistiese houding word afgekeur.
* Goeie betrekkinge kan slegs op 'n vertrouensverhouding ge=baseer word.
* Die TO-lede kan met hulle daaglikse opvoedende onderwystaak op 'n natuurlike wyse help vorm aan gesonde volkereverhou=dinge.
* Uiteindelik kan elke volk 'n eie outonome regering verkry,

maar gemeenskaplike makro-beleidsaangeleenthede kan op 'n basis van medeverantwoordelikheid hanteer word.

### 6.3.7 Die funksie van dienslewering aan onderwyspersoneel

#### 6.3.7.1 Inleiding

Verantwoordelike beroepskeuses word uitgeoefen met inag=neming van die diensvoorwaardes van sodanige beroepe. Dat die diensvoorwaardes van die onderwysberoep deurlopend geëvalueer en hersien moet word met die oog op verbetering, waarborg geslaagde rekrutering, terwyl diegene wat in die beroep dien, nie sonder meer van beroep sal verander nie. Die roepingsbewuste onderwyser ver=lang sekuriteit in sy beroep en wil ook graag oor die middele beskik om in sy daaglikse lewensbehoeftes te voorsien. Du Toit (1970 : 171) wys daarop dat "slegs 'n onderwyser wat in alle opsigte volkome daarvoor toegerus is en waarvoor op alle gebiede voldoende voorsiening gemaak is, ... in staat (sal) wees om die opvoedings=ideaal in ons land met vrug na te streef".

Dit is deel van die primêre taak van die TO om hom besig te hou met die onderwyser se belange op diensvoorwaardevlak. Dat die TO aktief en met welslae in hierdie verband funksioneer, blyk uit die feit dat hy voortdurend besig is met:

* bedinging vir verbeterde salarisse vir sy lede;
* verkryging van billike pensioenfondsskemas;
* verkryging van behuisingsvoordele; en
* die hantering van allerlei diensvoorwaardeprobleme wat mag opduik.

Die TO sorg verder vir bepaalde lidmaatskapvoordele soos byvoor=beeld:

* TO-toere vir binne- en buitelandse reise

* TO-beurs- en leningsfonds aan kinders van TO-lede van aan TO-lede vir gevorderde studie

* 'n Regsfonds vir die beskerming van die regsbelange van TO-lede

* Versekeringsmakelaarsdienste vir TO-lede waaronder langter=mynversekering en korttermynversekering

* Koop- en finansieringskemas

* Vakansieoorde, waaronder die TO-strand, Bronkhorstbaai en die Rustenburg-vakansieoordprojek.

Enkele hoogtepunte ten opsigte van die dienslewering van die TO aan sy lede wat betrekking het op diensvoorwaardes en lidmaatskapsvoor=dele gedurende die tydperk 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1982 (TO, 1982(a) : 9-37) word vervolgens genoem ter illustrasie van die vereniging se funksionering in dié opsig.

6.3.7.2 <u>Diensvoorwaardes</u>

6.3.7.2.1 Verbeterde salarisse vir sy lede

Die gesamentlike vertoë van al die onderwysersverenigings deur middel van die Federale Raad het goeie vrugte afgewerp, want die volgende resultate is bereik:

- Op 1 April 1981 het 'n nuwe salaris- en postestruktuur vir

onderwysers in werking getree wat 'n gemiddelde salarisver= hoging van ongeveer 26 persent per onderwyser beloop het.

- Op 1 April 1982 het die onderwys, saam met die staatsektor 'n verdere verhoging van salaris van 15 persent gekry (TO, 1982(a) : 18-19).

6.3.7.2.2 Pensioenfonds

Die grootste voordeel wat in hierdie verband verkry is, is dat uittredende onderwyspersoneel se pensioen sedert 1 April 1981 op die eindsalaris en nie meer op die gemiddelde van die laaste drie jaar van diens se salaris bereken word nie (op. cit. : 19-20).

6.3.7.2.3 Behuisingsvoordele

Die perk waarop subsidies op huislenings vir onderwysers betaal is, is op 1 Oktober 1981 vanaf R20000 na R40000 verhoog (op. cit. : 20).

6.3.7.2.4 Ander diensvoorwaardes

Deur middel van die Federale Raad is beskrywingspunte voorgelê met betrekking tot onder andere:

- anomalieë na aanleiding van die nuwe onderwysstruktuur
- koshuisaangeleenthede
- die prestasie-erkenningstelsel
- gedifferensieerde salarisse
- die kwotastelsel.

Die Vereniging het memoranda rakende hierdie fasette aan die betrokke owerheidsinstansies of die instansies wat die ondersoeke behartig, voorgelê (op. cit. : 20).

6.3.7.3 <u>Lidmaatskapsvoordele</u>

6.3.7.3.1 TO-toere

In 1980 het die TO toere na die Passiespele gereël. Dit was die suksesvolste van al die toere wat die TO nog aangebied het. Gedurende 1981-1982 was daar nie voldoende TO-lede vir elkeen van die beplande toere om 'n eksklusiewe TO-toer van stapel te stuur nie, gevolglik is toerlede wat wel gaan toer het, by ander geskeduleerde toergroepe van Toeropa-reise ingeskakel. Hierdie lidmaatskapvoordeel is egter nog steeds beskikbaar vir enige lid wat belang stel (op. cit. : 20).

6.3.7.3.2 TO-beurs- en leningsfonds

Gedurende 1981 is 31 studielenings ten bedrae van R11500 toegestaan. Vir die 1982-studiejaar is 42 studente gehelp met 'n totale bedrag van R10800 (op. cit. : 20-22).

6.3.7.3.3 Die regsfonds van die TO

Die huidige saldo van die regsfonds is R17936. Die TO skenk dringende aandag aan die uitbouing van die fonds. Verskeie TO-lede is met minder ernstige regsake finansieel gehelp (op. cit. : 22).

6.3.7.3.4 Versekeringsmakelaarsdienste vir TO-lede

* Langtermynversekering

"ŉ Lid kan tot R25000 dekking verkry teen die besondere lae bydraetarief vir 30c per R1000 versekering per maand (R7-50 per maand vir R25000). Vanaf ouderdom 40 word die tarief na 63c per R1000 versekerde bedrag per maand verhoog, en daarna nie verder namate die lid ouer word nie". Hier= die diens word deur die TO in samewerking met Sanlam aan TO-lede beskikbaar gestel (op. cit. : 22-23).

* Korttermynversekering

ŉ Nuwe makelaarsonderneming naamlik die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsmakelaars (SAOM) is gestig om die TO se kort= termynversekeringskema te administreer. Die aandelebelange behoort aan die TO en Hoëveldmakelaars. Die premies van toepassing op die skema vergelyk baie gunstig met soortge= lyke skemas (op. cit. : 23-24)

6.3.7.3.5 Koop- en finansieringskemas van die TO

Indien fondse beskikbaar is, stel die TO-kantoor self finansiering vir huurkooptransaksies tot die beskikking van lede. Addisionele aansoeke word na Boland Bank verwys. Die TO-kantoor het gedurende 1981-1982 125 lede gefinansier met aankope ter waar= de van ongeveer R820000, terwyl Boland Bank 1297 transaksies ter waarde van ongeveer R5 miljoen tot die voordeel van TO-lede hanteer het (op. cit. : 24-25).

6.3.7.3.6 Vakansieoorde

* Die TO-strand

Akkommodasie by die strandoord wat aan die Natalse Suid=kus geleë is, word teen afslagtariewe aan lede beskikbaar gestel. Hierdie oord is baie gewild en op 'n eg-Afrikaanse wyse bring TO-lede asook ander besoekers hulle vakansies hier deur. Om die fondse aan te vul het die Hoofbestuur gedurende 1981-1982 besluit om 31 strandhuisies vir 'n tyd=perk van drie jaar teen 'n totale maandelikse huur van R6200 aan die Holiday Inngroep te verhuur. "Die Oord word steeds op 'n suiwer sakegrondslag bedryf en sover dit binne die TO se aard en karakter inpas, kan aanvaar word dat die Direksie sal poog om die Oord ten beste te ontwikkel" (op. cit. : 25-26).

* Bronkhorstbaai

Hierdie oord is steeds baie gewild. Die ligging daarvan naby Bronkhorstspruit, waar 'n vinnig ontwikkelde nywerheids=gebied besig is om te ontstaan, maak die besit daarvan 'n besonder lonende belegging vir die TO (op. cit. : 26-27).

* Die Rustenburg-vakansieoordprojek

Daar is deur die direksie van die TO-Vakansieoordbelange be=sluit om hierdie oord te verkoop, aangesien die koste ver=bonde aan intensiewe ontwikkeling nie deur die TO self ge=dra kan word nie. Die verkoop is in Maart 1981 gefinali=seer en het vir die TO besonder gunstige finansiële voordeel ingehou (op. cit. : 27).

## 6.4 SLOTOPMERKING

Getoets aan die kriteria wat in Paragraaf 6.2 vir die doel=treffende funksionering van 'n onderwysersvereniging gestel is, kan samevattend gekonkludeer word dat die TO:

* 'n effektiewe organisasiestruktuur het wat doeltreffende funksionering moontlik maak;
* integreer met die samelewing waarvan hy deel vorm deur die diens wat hy op kultuurhistoriese gebied lewer;
* omvattende professionele en diensvoorwaardedienste aan sy lede bied; en
* in al sy handelinge en werksaamhede getrou bly aan sy grondbeginsels en sy doelstellings nougeset nastreef.

In Hoofstuk 7 word vervolgens die hipoteses getoets en tot gevolg=trekkings en aanbevelings gekom.